

Gereformeerde Kerk Bellville – 10 April 2016 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 127:1, 2 (p. 624)

- 1 Laat bouers bou al wat hul kan – / vergeefs is alles wat hul bou,
as God sy hand daaraan onthou. / Vergeefs, o wagte, waak jul dan,
as God jul nie wil gadeslaan, / sy oog nie oor die stadswal gaan.
- 2 Vergeefs om voordag op te staan, / vergeefs die werk-uur lank gemeet
en brood van smart met smart geëet, / nadat die dag al is gedaan.
God gee, hoe ander ook mag raap, / dit sy bemindes in die slaap.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe
Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit
die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 122:1, 2 (p. 610)

- 1 Ek was verheug toe die geluid / weerklink het bo die ruimtes uit:
Kom, laat ons optrek hiervandaan, / om na die HEER se huis te gaan!
O heil'ge stad, gelukkige oord, / ons voete staan nou in jou poort!
Jerusalem, waar al die stamme / op Gods bevel hul feesdag hou,
Jerusalem is goed gebou / en glinster in die son se vlamme.
- 2 Daar staan die Dawidstroon gestig – / 'n regterstoel vir die gerig.
Gelukkig hy wat jou bemin, / wat juigend gaan jou poorte in
en bid dat vrede lank mag duur / in jou paleis en vestingmuur.
Om vriende en broers soek ek jou vrede; / en om Gods huis, my hoogste skat,
soek ek vir jou die goeie, o stad, / wat skoonste is van alle stede.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 26:5, 7 (p. 122)

- 5 Vol blydskap is my siel / wanneer ek voor U kniel
wat woon waar aardse lig verdwyn. / Hoe lief het ek u woning,
die plek, o Hemelkoning, / waar U in heerlijkheid verskyn.
- 7 My God, doen aan my reg! / Ek wandel in u weg.
Verlos my, hoor my smeking aan! / U liefde en lof verklank ek,
in u vergaarding dank ek, / U het vir my die pad gebaan.

Gebed

Psalm 121:1, 4 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Skriflesing: Hebreërs 13:7-25

Kernverse: Hebreërs 13:7, 17-19

Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.

Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel. Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word.

(Hebreërs 13:7, 17-19 AFR53)

Tema: Die kerkraad se verantwoordelikheid

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, daar is baie mense wat met die stelling sal saamstem dat die kerk in 'n krisis verkeer. Nou moet ons goed verstaan dat dit nie vir die Here 'n krisis is nie. Niks wat hier op aarde gebeur is ooit vir die Here 'n krisis nie, want Hy is die almagtige God wat alles volgens sy ewige Raadsplan bestier. Wanneer ons praat van 'n krisis bedoel ons dit soos wat dit vir ons lyk.

Nou weet ons mos wat doen mense gewoonlik in krisisse. Daar moet vinnig aan oplossings gedink word. Angstig word daar gesoek na gereedskap en bestuursmodelle waarmee die kerk van ondergang gered kan word. Selfs in die Gereformeerde Kerke is daar groot kommer oor die behoud en voortbestaan van die kerk. Volgens die statistiek in die Almanak van 2016 is daar een kerk en vier predikante minder as die vorige statistiek. Maar wat nog meer ontstellend is, is dat daar twee duisend een en tagtig belydende lidmate minder is en net drie honderd vier en negentig van hierdie getal is lidmate wat gesterf het. Dit is hierdie syfers wat getroue lidmate van Christus laat bekommer.

Moet ons kommer oor die kerk ook nou veroorsaak dat ons na allerhande gereedskap en modelle moet soek? Om op hierdie vraag te antwoord moet ons eers weer besef wat die kerk werklik is. Die kerk is die mense wat God tot die ewige lewe uitverkies het. Deur die Heilige Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou Jesus Christus hierdie kerk van Hom in die eenheid van die ware geloof. Die kerk behoort aan God, en Jesus Christus het die kerk vir God losgekoop met sy kosbare bloed. Daarom belowe Jesus self dat Hy sy kerk sal bou (Matt 16:18).

Broers, susters en kinders, aangesien Jesus self hierdie belofte maak en ons bely dat Hy sy kerk deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou, meen ek dat dit wys sal wees om eerder in die Woord na oplossings te soek as in wêreldse bestuursmodelle en programme. In hierdie reeks uit Hebreërs 13 bring die Heilige Gees ons juis by hierdie antwoord uit. Vanoggend luister ons wat Hy ons leer aangaande die verantwoordelikheid van die voorgangers in die gemeente – dit is nou die ouderlinge, predikante en diakens. Volgende Sondag sal ons, soos die Here wil, luister wat ons as lidmate se verantwoordelikheid is.

Wanneer ons hierdie onderskeid maak tussen die kerkraad en lidmate – die leiers in die gemeente en die gemeente self, moet ons dit nie verwar met die Roomse Kerk se gedagtes hieroor nie. Dit is nie so dat die kerkraad alleen alles kan doen en leer en die lidmate is maar net toeskouers nie. Nêrens in die Skrif maak die Here die onderskeid

tussen geestelikes en leke nie. Die kerkraad is lidmate van Christus in die gemeente aan wie Hy gawes gee en met hierdie gawes gee Hy ook bepaalde verantwoordelikhede. Hulle is nie beter of slimmer met die Woord as ander lidmate nie. Hulle het gawes gekry om die verantwoordelike dienste te verrig. Hulle het nie 'n status wat hoër is as dié van ander lidmate nie.

Uit die name wat in die Nuwe Testament gebruik word vir die kerkraad, kom ons agter dat die kerkraad beslis nie hoër in status is as ander lidmate van Christus nie. Een van die name wat dikwels gebruik word, is *ouderling*. Die naam *ouderling* het niks met die ouderdom van die persoon te doen nie. Dit gaan eerder oor die volwassenheid van geloof wat die Heilige Gees so iemand gegee het. Dit is dus nie iets in die persoon self nie maar genade wat God aan so iemand betoon het. Op 'n ander plek word ouderlinge ook *opsieners* genoem (1 Tim 3:1). Ouderlinge het die verantwoordelikheid om toesig te hou oor die leer en lewe van lidmate van Christus. Oor hoe hierdie diens verrig word, sal ons nou-nou meer duidelikheid kry.

Predikante is in werklikheid ook net ouderlinge met die gawe om die Woord van God te verklaar en te verkondig. Predikante word ook *pastors* genoem (1 Pet 5:1, 2). 'n Pastor is niks anders as 'n herder nie. Die herderskap van 'n predikant en ouderling is baie dieselfde as die opsienerdiens wat hulle verrig. In ons Skrifgedeelte word van voorgangers gepraat. Voorgangers is niks anders as wat die woord sê nie – hulle gaan voor, hulle lei. Om te weet hoe hulle moet lei, moet ons nou by die verantwoordelikhede van die kerkraad uitkom. En die woord wat ons dikwels met *diaken* vertaal, kan net sowel met *bediende* of *dienskneg* vertaal word.

Aangesien Christus met die Gees en die Woord sy kerk vergader, beskerm en onderhou, moet ons by vers 7 begin. Voorgangers verkondig die Woord van God. En in vers 22 sê die skrywer van die boek Hebreërs dat die lidmate ook moet let op die woord van vermaning wat hy aan hulle geskryf het. Die boek Hebreërs is inderwaarheid verkondiging van wie Jesus Christus werklik is. Alle ouderlinge behoort die gawe te hê om onderrig uit die Woord te gee. Dit is immers wat hulle tydens huisbesoek moet doen. Daarom word ouderlinge ook in die formulier by die bevestiging van ouderlinge opgeroep om die Woord ywerig te bestudeer, sodat hulle hierdie diens kan verrig. Aan sommige ouderlinge gee die Here die gawe om die Woord te verklaar. Dit is die broers wat dan die opdrag het om voltyd die Woord van God te ondersoek, te verklaar en te verkondig. Dit is 'n verantwoordelikheid wat die voorgangers net biddend sal kan uitvoer. In hulleself het hulle beslis nie die kennis om die Woord van God uit te lê en te verkondig nie. Net die Heilige Gees gee insig in die Woord en insig in die omstandighede van lidmate waarin die Woord verkondig moet word.

Miskien moet dit hier ook gesê word; dit is nie net ouderlinge en predikante wat die Woord moet lees tydens huisbesoeke nie. Hierdie opdrag word ook aan die diakens gegee. Waar hulle lidmate help op watter wyse ook al, moet die hulp met vertroosting uit die Woord aan daardie lidmate gebring word. Diakonale bystand van lidmate is nie dieselfde as die hulp wat maatskaplike en ander organisasies gee nie. Die Here stuur die diaken in besonder om te help, daarom moet die diaken ook met die Woord van die Here lidmate vertroos.

As voorgangers het die kerkraad nie net die verantwoordelikheid om hulleself in die Woord van God te verdiep en dit aan die lidmate oor te dra nie. Voorgangers het die verantwoordelikheid om persoonlik met God te wandel. Dit beteken dat hulle so naby aan die Here moet lewe en die Heilige Gees so beheer moet neem in hulle lewe dat dit vir ander lidmate en selfs diegene buite die gemeente duidelik is dat hulle met God wandel.

Hulle lewens is in pas met die Heilige Gees se wil. Die Heilige Gees wys hierdie Joodse Christene van die boek Hebreërs op die lewenswandel en geloof van die voorgangers wat hulle gehad het (Heb 13:7).

Broers ouderlinge en diakens, ons as voorgangers moet so nugter en waaksaam wees dat ons in die voetspore van ons Opperherder, Jesus Christus, volg dat ons met vrymoedigheid voorloop wanneer ons die gemeente lei. Ons moenie twyfel of wonder nie, want die lidmate word juis deur die Heilige Gees aangesê om die voorgangers in die gemeente na te volg. Ons optrede mag nie veroorsaak dat selfs een van die kleintjies van die Here die spoor byster raak nie. Jesus is so besorg oor elkeen wat Hy met sy Woord en Gees vergader en beskerm dat Hy hierdie ernstige vermaning in Lukas 17 laat hoor:

Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel.
(Lukas 17:1-2 AFR53).

Let op wat staan daar in vers 18 geskryf. Die voorganger wat hierdie verkondiging in Hebreërs geskryf het, is saam met die ander voorgangers in die gemeente oortuig dat hulle 'n goeie gewete het. 'n Mens se gewete is daardie innerlike gewaarwording van reg en verkeerd wat God in die mens ingeskepe het. Omdat ons sondaars is, is ons gewete nie onfeilbaar nie. Dit is alleen die Heilige Gees wat met die Woord 'n mens se gewete fyngevoelig kan maak vir wat reg en verkeerd is in die oë van die Here. Daarom moet voorgangers hulle verdiep in die gemeenskap met Christus deur sy Woord sodat hulle innerlik oortuig kan raak en bly van wat reg en goed is in God se oë. Voorgangers dra nie net die Woord van die Here aan lidmate suiwer oor nie. Hulle verantwoordelikheid is om ook die Woord suiwer uit te leef sodat hulle nagevolg kan word in die spore van Christus.

In vers 17 laat die Heilige Gees ons raaksien dat die voorgangers waak oor die siele van die lidmate. Hier hoor ons daardie name waarmee voorgangers genoem word – opsieners en herders. 'n Herder is tydens sy diens altyd waaksaam dat niks en niemand die skape wat aan sy sorg toevertrou is enige kwaad sal aandoen nie. 'n Goeie herder is een wat sy skape baie goed ken en weet wanneer een van hulle iets makeer sodat nie een van hulle weens watter kwaal ook al verlore raak uit die kudde nie. En as daar een van die skape wegraak uit die kudde uit, laat hy dit nie maar net daar nie. 'n Goeie herder gaan soek na daardie een en bring hom terug.

Mag die Heilige Gees aan elke voorganger in hierdie gemeente die gawes en die ywer skenk dat ons in navolging van Christus werklik met besorgdheid werksaam bly in die gemeente. Mag Hy aan elkeen die wysheid en liefde skenk om te vermaan wanneer nodig en te vertroos wanneer nodig. Natuurlik is dit nie net die voorgangers se taak om verdwaalde lidmate te gaan terugroep met troos en vermaning nie. Elke volwasse gelowige het hierdie verantwoordelikheid om iemand te help herstel in sy geloof wanneer hy wankel onder die swaarkry van sonde of beproewing (Gal 6:1-2).

Indien die Heilige Gees jou aandag op 'n verdwaalde lidmaat vestig, gaan help. En as jy nie weet hoe om te help nie, kom vra hulp by 'n ouderling. As voorgangers is die kerkraad eerste verantwoordelik om te waak oor die siele van lidmate. Maar dit gebeur soms dat iemand verdwaal raak en die voorgangers dit nie gou genoeg raaksien nie. Ons – alle lidmate – het mekaar werklik nodig om by die waarheid en die eenheid van die ware geloof te bly. Dit is immers hoe Christus sy kerk beskerm en onderhou.

Voorgangers, luister net hoe gewigtig is ons verantwoordelikheid om die Woord van God te verkondig, voorbeeldig te lewe en te waak oor die lidmate van Christus – ons gaan

rekenskap aan die Koning van die kerk moet gee. Jesus Christus het die kerk vir Homself en sy Vader verkry deur sy bloed daarvoor te stort. Hy is die Eienaar van die kerk, daarom het geen mens of groep mense die reg om uit hulleself gesag uit te oefen oor die kerk of oor die kerk te heers nie. Voorgangers is slegs onderherders wat aan Christus die Opperherder verslag moet doen van hulle werk en hulle lewe. As voorgangers het die kerkraad net die voorreg en verantwoordelikheid om in en aan die liggaam van Christus te werk maar nooit om daarvoor te heers nie.

In die Gereformeerde Kerke, en beslis in hierdie gemeente, is voorgangers nie onaantasbaar nie. Indien die voorgangers iets doen of besluit en die gemeente daarin lei, is hulle eerste aan Christus verantwoordelik. Maar dit beteken ook dat lidmate wat meen die koers waarin die kerkraad die gemeente lei nie reg is nie, moet hulle met die kerkraad daarvoor praat. Moenie eenkant mor nie. Moenie jou goed vat en loop nie. Ons almal het mekaar nodig om verantwoordelik voor die Here te bly lewe as gemeente van Christus.

Omdat hierdie verantwoordelikheid vir voorgangers so groot is en hulle beslis nie al die wysheid en krag in hulleself het om die taak wat Christus aan hulle gee uit te voer nie, moet ons die oproep aan die begin van vers 18 baie goed raaksien – bid vir ons. Voorgangers behoort te erken dat hulle niks in hulleself het vir die diens wat hulle moet verrig nie. Daarom is 'n nederige gesindheid van groot belang by die kerkraad. En in nederigheid vra hierdie kerkraad dat die gemeente vir hulle moet bid.

Christus het skatkamers vol gawes wat die kerkraad nodig het om hulle dienswerk te verrig. Die Here gee hierdie genade, so bely ons dit, slegs aan hulle wat sonder ophou met versugtinge daarvoor bid en daarvoor dank. Daarom, broers ouderlinge en diakens, niemand van ons sal ons werk behoorlik kan doen as ons nie aanhou om in afhanklikheid die genade en die seën van die Here te vra nie. Maar om hierdie rede word die lidmate in die formuliere by die bevestiging van ouderlinge en diakens ook opgeroep om aan die kerkraad in hulle gebede te dink. En ook hierin is die voorganger van die Hebreërs 'n voorbeeld. Hy tree self vir die gemeente in gebed soos wat ons hier in vers 20 en 21 vind. Voorgangers behoort ook gereeld vir die lidmate en die gemeente in geheel te bid.

Broers ouderlinge en diakens, die Here Jesus Christus gee aan ons 'n groot en verantwoordelike diens om te verrig. Hy het ons toegerus met gawes en ons kan Hom aanhoudend smee en dank vir wysheid en insig wat nodig gaan wees om hierdie diens verantwoordelik uit te voer. Broers, susters en kinders, moenie vergeet om vir die kerkraad te bid nie, die Here het hulle as gawes in hierdie gemeente gegee sodat hulle kan lei en sodat die Here in alles en bo alles verheerlik kan word.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 133:1, 2 (p. 650)

- 1 Hoe goed is dit – 'n huis vol lieflikhede! – / dat broeders woon in onverstoorb're vrede.
Soos salf wat kunstig toeberei, / om Arons hoof 'n sagte geur versprei,
sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek – / so sal die liefde liefde wek.
- 2 Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,
op Sions berg: die HEER gebied die seën,
die lewe tot in ewigheid.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 April 2016